momentum


Health4Me



# Health4Me **Netwerk Algemene Praktisynsbesoeke**

Geen oorhoofse beperking geld op die aantal kere wat jy 'n Health4Me Netwerk Algemene Praktisyn mag besoek per jaar nie. Dit is wel nodig om voorafgoedkeuring te verkry vanaf Hello Doctor vir elke besoek na jou 4de besoek vir die jaar. Indien jy op die chroniese-, MIV- of swangerskapprogram-voordeel geregistreer is, kry jy 2 bykomende besoeke per jaar waarvoor jy nie Hello Doctor-voorafgoedkeuring benodig nie.

Hello Doctor-voorafgoedkeuring kan verkry word deur WhatsApp, die Momentum-app of deur 'n USSD-kode op jou foon te gebruik. Hello Doctor sal 'n telefoniese of virtuele konsultasie aan jou bied en, indien nodig, goedkeuring verleen vir 'n besoek aan 'n Netwerk Algemene Praktisyn.




Indien jy die **GP visit booster**-voordeel het, het jy geensins Hello Doctor-voorafgoedkeuring nodig nie. Jou lidmaatskapsertifikaat sal aandui of jy die GP visit booster-voordeel geniet, of jy kan die **Momentum app** gebruik om dit na te gaan:

- Klik op **"Health4Me"**;
- Klik dan op **"GP visits"**;
- Besigtig jou voordele onder **"Request GP visit"**.

## Het jy die GP visit booster-voordeel?

**Ja**

Jy benodig nie Hello Doctor-voorafgoedkeuring vir besoeke aan 'n Algemene Praktisyn op die Health4Me Netwerk nie.

**Nee**

Het jy reeds jou 3 besoeke vir die jaar aan 'n Health4Me Netwerk Algemene Praktisyn gebruik?

- **Ja**: Volg die maklike stappe om goedkeuring te verkry vir jou volgende besoek.
- **Nee**: Jy benodig nie Hello Doctor-voorafgoedkeuring vir jou volgende besoek nie.

**Volg hierdie vier maklike stappe om Hello Doctor-voorafgoedkeuring vir 'n besoek aan 'n Health4Me Netwerk Algemene Praktisyn te verkry, indien nodig:**

| | Deur **WhatsApp** | Deur die **USSD-proses** | Deur die **Momentum app** |
|---|---|---|---|
| Stap 1 | Stoor **+27 860 10 29 03** as 'n kontak op jou foon. | Skakel ***120*394*120#** en volg die aanwysings. | Teken aan by die **Momentum app**. |
| Stap 2 | Maak die gestoorde kontak oop op jou foon en stuur eenvoudig: **"Hi"**.<br>Volg die maklike proses wat jou stap-vir-stap sal lei deur die Hello Doctor-goedkeuringsproses.<br><br>**Skandeer hierdie QR-kode om 'n WhatsApp-gesprek te begin**<br>Die WhatsApp QR-kode sal slegs werk as jy 'n aktiewe data of internet konneksie op jou selfoon het. | Kies **1** om jou goedkeuringsnommers te sien, sowel as hoeveel besoeke jy beskikbaar het.<br>Kies **3** indien jy wil versoek dat 'n dokter jou kontak, en om aan te dui dat jy instem om deel te neem aan die tele-gesondheidsplatform.<br>Kies weer **1** om voort te gaan met jou versoek. | Kies **"Health4Me"** en dan **"GP visits"**, gevolg deur **"Request GP authorisation"**.<br>Kies die lid vir wie jy 'n besoek wil ontsluit en klik op **"Unlock GP visist"**. Verskaf die lid se besonderhede op die volgende skerm en kies 'n video-oproep of telefoon-oproep.<br>Stem in om deel te neem aan die tele-gesondheidsplatform en klik dan op **"Submit"** om te versoek dat 'n dokter jou kontak. |

Google Play | App Store | AppGallery

**Stap 3** — **Jy sal bevestiging daarvan ontvang dat jou versoek ingedien is.**

**Stap 4** — **Hello Doctor sal jou kontak** om te kyk of jy gehelp kan word, en of dit nodig is om goedkeuring te verleen en voor te stel dat jy 'n Health4Me Netwerk Algemene Praktisyn besoek.

**As die dokter jou besoek goedkeur:**

- Jy sal 'n SMS met 'n goedkeuringsnommer ontvang. Jy kan ook die goedkeuringsnommer op die Momentum-app sien deur **"GP visits"**, dan **"GP visit authorisation and claims history"** te kies en dan die lid te kies waarvoor jy die goedkeuring wil sien.
- Onthou om die goedkeuringsnommer saam te neem wanneer jy jou Netwerk GP besoek.
- Goedkeuring is geldig vir 3 dae. Maak seker dat jy so gou moontlik 'n Netwerk GP sien nadat jy die goedkeuring ontvang het.

Weergawe 2024

Moet asseblief nie jou Health4Me Netwerk Algemene Praktisyn besoek voordat jy seker gemaak het dat jy besoeke beskikbaar het, of Hello Doctor-voorafgoedkeuring ontvang het indien nodig nie. Hello Doctor sal slegs goedkeuring vir 'n besoek verleen indien hulle jou nie kan bystaan nie. Indien jy kies om jou Netwerk Algemene Praktisyn te besoek wanneer jy nie besoeke beskikbaar het of Hello Doctor-voorafgoedkeuring bekom het nie, sal jy die rekening moet betaal.

## Hulp nodig?

+27 860 10 29 03    0860 10 29 03

*Momentum Health4Me is not a medical scheme product, and is not a substitute for medical scheme membership.*

*Momentum Health4Me is administered by Momentum Health Solutions, registration number 1969/016884/07, a Juristic Representative on the Momentum Healthcare Distribution Limited FSP license 27728 and the product is underwritten by Momentum Metropolitan Life Limited, registration number 1904/002186/06, an authorised insurer and financial services provider. Terms and conditions apply.*

Quality, affordable healthcare solutions